# Lesing 07.03.2018 - Die Antichris DEEL 8

BD 6758 Geloofstryd – Antichris (vervolg)

***Februarie 1957***

Soek daarom steeds die ryk van Elohim en Sy geregtigheid, dan sal al die ander julle toegewerp word. Ook hierdie belofte sal baie duidelik vervul word aan die wat Myne is, aan wat van My en My Naam getuig voor die wêreld: Aan hom wat die aardse gesag nie sal vrees nie, omdat hy homself onder My beskerming geborge voel. Eers dan sal dit blyk wie `n lewende geloof het, maar daar sal maar weinig wees.

En dan sal die geboue ineenstort wat nie op die rots van die geloof, maar enkel en alleen op sand gebou is. Dit sal `n swaar tyd wees wat geen mens sou kan deurstaan as Ek nie die Waarheid vooraf na die aarde gestuur het nie, wat oor alles opheldering sal gee en slegs `n sterk geloof tot gevolg sal hê. Die dwaling kan geen mens die krag gee om te volhard nie, slegs waar die liefde is, is ook die krag van die geloof te vind.

`n Besondere mens sal homself aan My teëstander as `n sigbare omhulsel aanbied, en hierdie mens sal dan ook die laaste stryd op aarde inlui. Let op hom en julle sal weet dat die uur van die einde nou ook baie naby is. Maar let ook op My afgesante van Bo wat tegelykertyd optree om julle mense met `n "lig" voor te gaan wat julle moet volg. Let op almal wat My woord lewendig verkondig en sluit julle by hulle aan sodat die klein kudde kan saamkom, sodat hulle hulself steeds meer "lig" kan verskaf en hulle geloof stadig kan groei. En aan almal van hierdie beloof Ek My beskerming, My Vaderlike sorg en My seën, en hulle hoef nie te vrees om die slagoffer te word van die brutale geweld nie, want Ek sal Self kom en hulle wegneem, so gou as wat die maat van My teëstander vol is en die ergste gevaar Myne bedreig. En daarom sal Ek ook die dae verkort, sodat Myne kan standhou en nie swak word in die aangesig van die vervolgingsmaatreëls nie.

Aangesien Ek egter nog `n laaste reddingsmoontlikheid vir enkele siele sien, hou Ek My Hand beskermend oor hulle wat vir My opkom teenoor die wêreld, sodat hulle hulself aan hulle sterk geloof kan oprig en sodat daar `n MAG herken kan word wat sterker is as alle wêreldse mag. Daarom sal Ek wat Myne is op `n buitengewone wyse versorg, en hulle sal hulself ondanks vyandige maatreëls tog kan handhaaf, - liggaamlik en geestelik.

Dit alles sal homself binnekort afspeel, want wat julle nog nie tot op die hede vermoed het nie, sal homself voltrek. Daarom maak Ek julle nou al daarop opmerksaam, en julle, wat deur My onderrig word, weet dan ook waarom dit alles sal geskied. Vir julle sal ook die geestelike nood op aarde duidelik wees en julle kan ook aan die tekens van die tye die stand op die wêreldklok sien. Wanneer die geloofstryd egter sal ontbrand, hoef julle nog maar net op `n baie kort tydjie te reken, want alles sal homself dan besonder vinnig afspeel.

Hierdie man wat My teëstander vir homself as omhulsel sal kies, sal nie `n lang lewensduur hê nie, sy heerskappy op die aarde sal nie lank wees nie. Sy bonatuurlike talente sal hom herkenbaar maak en My teëstander sal hom oorvloediglik voorsien, daarom werk hy vir hom en sy planne. Ofskoon hy deur die gehele wêreld gehuldig sal word, sal julle hom tog herken en deursien.

Julle moet hom egter in groot versigtigheid in ag neem en julleself nie moedswillig in gevaar begewe deur `n te groot ywer nie, julle moet so listig wees soos die slange en sagmoedig soos die duiwe. Maar wanneer daar `n beslissing van julle verlang word, moet julle stand hou en vas op My en My hulp vertrou.

Want al is sy mense hoe magtig, teen My Mag kan hulle nie staan nie en `n sug van My is voldoende om hom te vernietig. Daarom sal Ek halt gebied wanneer die uur aangebreek het en sal hulle na My toe neem wat in die grootste aardse verdrukking verkeer, en die verdrukkers self in kettings sluit, want die tyd is verby en `n verlossingsperiode gaan ten einde en `n nuwe tydperk begin, sodat die verlossing van al die geestelike kan deurgaan.

AMEIN